

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 211

(Februarie 1987)

God en sy Woord

* * * * *

"Dit gaan goed met dié wat onberispelik lewe, dié
wat wandel volgens die Woord van die Here."

(Psalm 119:1)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

God bestaan

Hóé weet ons . . . God bestaan? Is dit maar 'n gerieflike 'Kerkstorie'? . . . 'n sus van die gewete? Ja! . . . Hoé weet ons God bestaan?

Vraagstuk 1

Vir sommige mense is God geen vraagstuk nie. Hy bestaan net nie vir hulle nie . . .
of Hy is by hierdie tyd oud en afgeleef . . . en selfs dood!

Andere meen: daar was nog nooit 'n God nie . . . Hy bestaan nie, en hét nooit bestaan nie.

Ironies genoeg — ook sulke mense het 'n 'god':

Dit mag geluk wees, of noodlot. Dit mag hulle eie verstand of vermoë wees of selfs aardse rykdom en besit. Dis daardie mens wat angsvallig 'wat sê die sterre' in tydskrifte dophou . . . wat groot waarde heg aan die 'geluk' of 'noodlot'. Dis hulle wat deur hulle optrede toon:

Êrens moet 'n godheid wees . . . hoër as die mens . . . 'iemand' of 'iets' wat beskik en lei.

Buite jouself

Vir nog 'n groep mense bestaan God . . . want dis 'n interessante vraagstuk:

BESTAAN HY OF BESTAAN HY NIE?

Daarom kom hulle met sogenaamde 'Godsbewyse' . . . bewyse dat God wel bestaan ja . . . maar Hy is dan onbepaalbaar . . . veraf . . . onvreesbaar. Hy is 'iemand' wat jy nie kan sien of hoor nie. Hy is 'n vraagstuk *buite* die mens se lewe!

Só 'n siening, geliefde Leser, klink tog so vroom, maar nog steeds raak dit die mens NIE!

Tiran

Nog 'n gees op aarde is dié mense wat sê: Ja, God bestaan — Hy is die 'tiran' en 'pretbederwer' wat die lewe versuur en verbitter. Hy is die oorsaak van nood en ellende.

Bybelse siening

Só kan ons aangaan. Maar die punt is:

GOD BESTAAN! DIE BYBEL SÊ SO!

God is geen vraagstuk nie, maar 'n liefdevolle, lewende en gebiedende God! 'n God wat Hom bemoei met jóú . . .! "Wie ek?"

"Ja, jy!" Dit gaan in die bestaan van God om *JOU*, my vriend! Jy persoonlik staan voor die Lewende God. Moses sê dit al in Deut. 6:4: "Luister Israel, die Here *IS* ons God, Hy is die enigste Here!"

Ook die profeet Jesaja sê in hoofstuk 41:

"*Jóú* het ek uitverkies, sê die Here: *Jy* is my dienaar. Ek het jóú nie verwerp nie, Ek is by jou . . . Ek is *jou* God . . . Ek het jóú by *jou* naam geroep, *jy* is myne."

Dit gaan in die bestaan van God . . . om *jóú*, o mens!

Ja, dit gaan *nié* om die vraagstuk: Bestaan God nie?

God bestaan! Die Bybel sê so!

Nee, dit gaan om die bestaan van jou!

Jou persoonlike verantwoordelikheid as geroepe skepsel voor die aangesig van die Almagtige God! God is dus nie 'n vraagstuk nie, maar die Bybel leer ons van God in sy liefde vir jóú deur Jesus Christus. God se liefde en genade en barmhartigheid word jou deel as jy glo in God deur Christus. Daarvoor sorg die Heilige Gees!

Natuurlik is God ewig ... vir jou onbegryplik

onsienlik . . .

onveranderlik . . .

oneindig . . .

almagtig . . .

volkome . . .

wys . . .

regverdig . . .

Met jou menslike, nietige verstand onpeilbaar en onbegryplik! Maar nóg onbegrypliker is dit dat daardie enigste God

. . . bestaan

. . . jón só liefhet dat Hy Sy enigste Seun as losprys gegee het

. . . jón onverdiende genade op genade skenk.

. . . nou word ek stil . . . nou word ek rustig

Want ek weet: GOD BESTAAN!

Die Bybel sê so!

Hy het my lief

Ek *glo* dit met my hele hart!

Ds. Nico Ligthelm

God wil hê ons moet hom ken!

As God nie wou gehad het dat ons Hom moet ken nie, sou Hy homself nie aan ons bekend gemaak het nie.

Tog maak God homself aan ons bekend. God WIL dat ons Hom MOET en KAN ken!

Daarom kan u God ken.

Vir elke mens is dit moontlik om God te ken soos Hy homself aan ons openbaar!

• • •

Skepping

Ons land het 'n pragtige natuurskoon. Dit wissel van die hoë Drakensberge tot die vlakke van die Karoo ... die half ondeurdringbare bos, en bosveld tot ons pragtige goue strande en mooi kuslyn.

— Sien u God in sy skepping? — En dan dink 'n mens —

"As ek, o Heer, u nagtelike hemel daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel; hoe, deur U toeberei, die skugter maan met stille gang oor sterrevelde gaan". (Ps. 8 berym).

Ja, liewe Leser: Ons kan God ken deur sy skepping.

Ons sien hoe God dit alles daargestel het, hoe 'n blom ontvou in sy eenvoud van skoonheid, hoe Hy die nag en dag in ordemaat gemeet het.

En dan dink 'n mens —

"God gee die reën as sy hand die wilde bome en seders plant wat wyd hul lower opevou en voëls nooi om nes te bou."

In die geskiedenis

Maar ook in die eeue wat verby flits sien ons God se hand hoe Hy die geskiedenis bestuur. Die gebeure volg mekaar op van oorlog tot vrede, van koning tot onderdaan, van hongersnood tot voorspoed.

En u en ek weet, of ons dit wil erken of nie: Daar moet 'n 'hoër-hand' wees . . . Daar moet 'n God wees.

Dan weet ek en u dit is God wat Hom aan ons openbaar.

En dan dink 'n mens —

"Daar is geen land so ver of woës geleë geen strand, o Heer, of wilde waterweë geen hemelsfeer in die oneindigheid — of orals blink u Naam en majesteit".

In sy woord

En tog dit bly onvolkome

dit bly onvoldoende

dit bly gekneg *aan* sonde

dit bly verdoemende aan die dood.

God maak Homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend deur sy *Woord*.

Hier in die Bybel leer ons God ken in besonder.

Dit wat God wil dat die mens moet weet, dit openbaar God deur die Bybel.

Hier teken Hy in woord en beeld, in geskiedenis en verskyning dié beeld van Hom wat ons moet ken!

Waar anders lees u wat God se naam is! Waar anders leer u die Seun Jesus Christus ken? Waar anders sien u die Heilige Gees?

In die Bybel leer u God ken as die Skepper van alle dinge, en wat dit tot nou toe onderhou.

In Sy Woord leer u Sy weldade ken, en dat daar 'n verlossing is, 'n verlossing in Jesus Christus.

In Sy Woord leer u die kruis ken waaraan die Here Jesus sterf vir u en my.

In die Bybel leer u die opgestane Jesus ken wat na die Hemel gaan om ons plekke te berei.

In die Skrif leer u die Heilige Gees ken as die Herskepper van elke uitverkore kind, wat Hy wederbaar en tot heiligmaking lei.

In die Bybel leer ons God ken.

• • •

Wil u God ken? — u kan!

God maak Homself bekend!

Niemand kan sê, hy kon God nooit leer ken nie! Nee God wil dat ons Hom ken deur sy openbaring.

Kyk rondom u en sien God deur die natuur.

Lees in die Bybel en sien God deur sy Woord.

Rom. 1:20

"Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is . . ."

Sien en lees, kyk en ondervind.

God maak Homself aan u bekend!!!

Ds. Leo van Schaik

God se woord uit mensepen

Pet. 1:21:

"Geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig."

Daar is seker maar min van u wat hierdie artikel lees wat nie 'n Bybel besit nie. Dit is egter 'n ope vraag of almal wat Bybels het, dit wel lees. Nog belangriker: As jy die Bybel lees, lees jy net 'n klomp woorde en klanke, of hoor jy die Here se stem?

Waar kom die Woord van God vandaan?

Die Bybel is nie van die skepping af al daar nie. In die loop van baie jare het die Here sy Woord aan ons gegee.

Die Bybel is deur *mense* geskryf. Gewone mense het hulle pen opgeneem en op papier neergeskryf wat ons vandag het as die Woord van God.

Die belangrike saak wat ons i.v.m. die Bybelskrywers moet raaksien, is:

HULLE HET NIE UIT HULLE EIE BESLUIT OM TE SKRYF NIE. Wat meer is:

Hulle het ook nie hulle eie woord en gedagtes neergepen nie.

Nee! Hulle het van God kon praat! Hulle het vir ons kon sê wat God vir ons wil kom sê.

Veral die profete in die Ou Testament sê dit baie duidelik van hulleself: Hulle is slegs tolke. Hulle gee net die Woord van die Here deur — hulle gee net deur wat hulle ontvang het — en niks minder en niks meer nie.

"SO SÊ DIE HERE, HERE." Maar ook in die Nuwe Testament kry ons dit. Paulus skryf in 2 Kor. 5:20:

"Ons tree op as *gesante* van Christus, en dit is *God* wat *deur ons* 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle *namens* Christus."

Kortom: Die Bybel is die Woord wat van God af kom waarin Hyself met ons praat. In die Bybel is God aan die Woord!

Die skrywers besluit nie self nie

Die skrywers van die Bybel was gewone mense, maar om die besondere dele te skryf, het God daardie persoon (bv. Moses, Jesaja of Paulus) deur sy *Heilige Gees* gedrywe.

Hulle is deur die Heilige Gees (Self God) meegevoer en geïnspireer om só en só aangaande God neer te skryf.

Daar was ook *vals* profete, maar hulle praat oor visioene wat hulleself uitdink. (Jer. 23:16). Die *ware* profeet en Bybelskrywer staan geheel en al onder die invloed van die Heilige Gees.

In Jer. 1:9 sê die Here vir Jeremia:

"Hy (die Here) het sy hand uitgesteek en my mond aangeraak en vir my gesê: *Ek het my Woorde in jou mond gelê.*"

2 Pet 1:21:

"Geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie."

Die Woord van God is onherhaalbaar

Só uniek en volmaak, só onherhaalbaar en onvergelykbaar en onvervangbaar is die Woord van God dat ons — volgens Openb. 22:19 — daar nie 'n enkele woord mag byvoeg of

wegvat nie.

Die Protestante se weë skei hier van die Rooms Katolieke. Rome sê dat die pouslike uitsprake gelyk is aan die Woord van God, en boonop nog onfeilbaar ook.

Nee!

2 Tim. 3:16:

"Die hele Skrif is deur God geïnspireer."

Al sou iemand uit die dood opstaan, sal hy nie oortuig word nie, as hy na die Woord van God nie luister nie. (Luk. 16 :31).

Luister na God

Omdat die eintlike Skrywer van die Bybel die Heilige Gees is, daarom moet ons onvoorwaardelik *luister* na wat God vir ons sê.

Die Heilige Gees sal jou lei sodat jy sy Woord sal verstaan.. Hy open jou ore sodat jy sy stem duidelik en helder kan hoor. Hy ontknoop die Skrif vir jou.

Nie alleen moet jy luister na wat God vir jou sê nie, maar ook *doen* wat Hy sê.

- Jy moet jou lewe inrig volgens die Woord van God.
- Jy moet jou geloof bou op die Woord van God.

So leer Ps. 40 ons in duidelike taal: "U het my oor deurboor dat ek U woord kan hoor as hoogste dank bewys".

Ds. A. H. Grové

Waarom ons die Woord van God glo

(Gesag van die Skrif)

Jy het sekerlik ook al gedeeltes uit die Bybel gelees of aangehoor. Besef jy dat die Bybel geen mensewoord is nie, maar die Woord van God? Dat daarom niks teen die Bybel gesê kan word nie.

HOEKOM IS DIE BYBEL DIE WOORD VAN GOD?

Die grond waarop ons geloof staan dat die Bybel die Woord van God is, is nie omdat die kerk of een of ander gelowige dit beweer nie. Die kerk asook enige gelowige kan tog alleen net sê wat die Woord van God sê — niks meer nie, en ook niks minder nie.

Die grond vir hierdie belangrike geloof, naamlik dat die Bybel die Woord van God is lê geheel en al in die Bybel self.

- Hoe weet ek dat God 'n Drie-enige God is?
- Hoe weet ek dat God die wêreld geskape het?
- Hoe weet ek dat Jesus Christus die Saligmaker, die Seun van God is?

DIT ALLES WEET EK NET UIT DIE BYBEL

Dat die Bybel die Woord van God is, weet ek nou ook alleen uit die Bybel.

WAT SÊ DIE BYBEL VAN HOMSELF?

11 Tim. 3:16:

"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek."

Hieruit is dit duidelik dat die Bybel ten opsigte van sy ontstaan ook getuig dat dit van God is en daarom ook goddelike gesag moet besit.

Die feit dat ons dit so glo vanuit die Bybel en dat ander mense dit weer nie glo nie, is as gevolg van die getuienis van die Heilige Gees in ons harte.

Die Heilige Gees moet eers die mens ontvanklik maak vir Gods Woord dan sal hy by die lees of aanhoor van die Bybel onvoorwaardelik glo dat God hier aan die woord is. Toe Paulus in Filippi God se boodskap van verlossing in Christus gebring het, was daar 'n vrou, Lidia, wat gelowig geword het. In Hand. 16:14 staan:

"Die Here het haar vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak."

WAT IS DIE DOEL VAN DIE BYBEL AS WOORD VAN GOD?

Dit is ook duidelik dat die Bybel as Woord van God vir 'n bepaalde doel aan ons gegee is. Die Bybel wil aan ons God as betroubaar en waaragtig bekendstel.

God wil met sy Woord nie alleen sê WIE Hy is en DAT ons Hom moet eer nie, maar sy Woord het ook die doel om te sê WAT SY WIL IS en HOE ons Hom dus moet dien.

God moet egter nie alleen in hierdie lewe nie, maar tot in ewigheid geloof en geprys word, daarom het sy Woord ook die doel om ons die weg tot ewige saligheid bekend te maak.

JESUS CHRISTUS SE KOMS AS VERLOSSER NA HIERDIE WÊRELD IS DIE GROOTSTE BEWYS VAN DIE BYBEL AS WOORD VAN GOD.

Christus is immers die Woord wat vlees geword het. Daarom kan ons waarlik ag slaan op die woord wat Hy gespreek het. Dat Christus self ook sê as Satan Hom kom versoek het:

"Daar is ook geskryf."

en dan haal Hy die Ou Testament aan.

Met sy koms het Hy die Skrifte (Bybel) nie tot niet gemaak nie, maar dit vervul. Hy het met ander woorde kom bevestig dat alles wat in die Bybel staan waar is en dat dit die Woord van God is.

LEES GERUS DIE BYBEL

Lees dit voortdurend. Dit is God wat daardeur tot jou spreek.

Dit sal jou geloof versterk.

Ds. Sarel Cilliers

Die Bybel is volkome en genoegsaam

In Openbaring 22:18 en 19 spreek God self sy oordeel uit oor elkeen wat wil byvoeg tot, of weglaat van sy woord:

"As iemand iets hieraan byvoeg, sal God vir hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is."

In die Bybel staan die wil van God vir die mens volkome opgeteken,

- alles wat ons mense moet glo tot die saligheid, word daarin genoegsaam geleer,
- die wyse waarop God deur ons gedien wil word, word daarin uitvoerig beskrywe.

Ons mag aan die skrif niks byvoeg nie. Dit hoef nie aangevul te word met allerhande visioene of drome of met menslike gedagtes nie.

Ons mag van God se Woord ook niks weglaat nie. Dit mag nie verskraal of afgewater word deur sekere eise te ignoreer, of deur bepaalde (moeilike) gedeeltes te verswyg, of deur sommige opdragte te *verontagsaam* nie.

Van die vroegste tye af was daar mense wat die Woord van die Here na eie goëddunke wou kleur en aanpas en verander, wat sekere dele wou aanvaar en andere wou verwerp, wat wou byvoeg of weglaat.

Daar is nog die sogenaamde "geesdrywers" wat daarop aanspraak maak dat die Gees hulle lei deur allerhande regstreekse openbaringe buite die Bybel om, mense wat hulle deur die "inwendige lig" in hulle gemoed laat voorskryf, in plaas van deur die gesagvolle Woord van God.

Daar is die Rooms-Katolisisme wat aan die pouslike dekrete, (uitsprake) die kerklike tradisies en sekere sinodebesluite dieselfde waarde heg as aan die Bybel — stel die woord van 'n mens as onfeilbaar.

Daar is ook deur verskillende godsdienstwetenskaplike studies gepoog om ooreenkomste en raakpunte en gelykheid aan te dui tussen *die* heilige boeke van sommige godsdienste en die Heilige Skrif.

Maar dit is verkeerd en onjuis! Hier is geen vergelyking moontlik nie. Ons mag hulle nie eers teen mekaar opweeg of naas mekaar stel nie. Want *alleen* die Woord van die Here is waaragtig en al die ander is vals. Die Goddelike woord het 'n heel afsonderlike plek, wat geen boek van ander godsdienste het nie, soos die van die Moslem.

Geen menslike geskrifte, hoe heilig hulle ook al geag word, mag ooit met die *enigste* Heilige Skrif gelykgestel word nie. Die Kerk van die Here en elke gelowige moet onvoorwaardelik voor die gesag daarvan buig, en sal deur die eeue heen genoeg hê aan die Woord van die Here, voor watter vrae en probleme ons ook al gestel mag word.

Die Bybel is voldoende. Dit is die enigste reël vir ons leer en lewe. Die Kerk mag alleen die Bybelse waarhede verkondig, en die lewe van die gelowige moet beantwoord aan die eise daarin gestel.

Daarom is en bly dit ons roeping om die geeste op die proef te stel.

"Moenie enigeen glo wat sê dat hy die Gees van God het nie, . . . maar ondersoek elkeen, ondersoek of sy gees van God afkomstig is."

(1 Joh. 4:1)

Ons weet dat daar in die laaste dae baie valse profete en valse christusse na vore sal kom, wat selfs wonders en tekens in die Naam van Christus sal doen, maar ons moet uiters

versigtig wees.

- hulle ondersoek en beproef,
- hulle woorde en werke toets aan die enigste ware norm wat ons besit, die Bybel.

Want:

"As daar iemand na julle toe kom wat 'n ander leer bring, moet julle hom nie in julle huise ontvang nie . . ." (2 Joh. 10).

En:

" . . . al sou selfs 'n engel uit die hemel aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat ons aan julle verkondig het — die vloek van God sal hom tref!" (Gal. 1:8).

Ons glo met die hart en bely met die mond dat die Bybel volkome en genoegsaam is. Ons het niks meer nodig —

- om tot eer van God te leef,
- om die wil van die Here te verstaan,
- en om die weg van verlossing te ken nie!

Ds. Pieter van der Walt